Skepping vs Evolusie

Daniel Louw

UP Teologiese Fakulteit - Claassen in, Harwood uit

Op 2 Februarie 2010 het dr George Claassen opgetree as gasspreker by die UP Teologiese Fakulteit (UPTF) se openingsdag. Later, in dieselfde maand, is 'n versoek gerig dat dr Mark Harwood ook die UPTF toespreek, maar dit is van die hand gewys. Claassen is joernalis en uitgesproke ateïs en Harwood 'n afgetrede ontwerpingenieur en deeltydse spreker vir CMI-Australië.

Wie is George Claassen?

Dr George Claassen is 'n ateïs (ek beskou hom as die Richard Dawkins van Suid-Afrika). Hy het in 2009 onder andere geveg daarvoor dat geloof nie by skole in Suid-Afrika beoefen mag word nie. Kyk bv:

- Claassen uit debat oor skole godsdiens - http://www.nuus24.com/Content/Suid-Afrika/Nuus/1479/6e71bf56f95e47ceb82cd64eeed0cdf1/24-09-2009-07-31/Claassen_uit_debat_oor_skole_godsdiens
- Godsdiensdebat kan draai in hof - http://www.nuus24.com/Content/Suid-Afrika/Nuus/1479/342c1777d2a042b287b328a7e4cc5518/27-09-2009-10-10/Godsdiensdebat_kan_draai_in_hof

Terloops, ons NGK teoloë het dit goed gedink om hom omverskoning te vra vir die teenstand wat hy gekry het in sy poging daarmee. Kyk "Teoloë vra om verskoning vir onverdraagsames" - http://www.kerkbode.co.za/NuusLees.asp?id=43

Verder is hy 'n joernalis. (Kyk http://en.wikipedia.org/wiki/George_Claassen)

Opening van UPTF

Op 2 Februarie 2010 het die UP Fakulteit Teologie vir dr George Claassen gekry om as hoofspreker op te tree by die teologiese fakulteit se openingsdag. Die rede hoekom UPTF vir Claassen gevra het, is waarskynlik omdat die NGK tans in 'n "seisoen van luister" is. In sy toespraak, getiteld "Die klippe roep dit uit..." (http://teo.co.za/artikel/articles/286/1/Skepping-en-Evolusie/Bladsy1.html), promoveer hy evolusie as wetenskaplike feit en verder verkleineer hy die Christelike godsdiens as 'n bygeloof. Hy sê onder andere die volgende:

- "Dit is egter insiggewend dat die twee aanvaarde en bewese wetenskaplike teorieë wat gereeld as gelowe gebrandmerk en beskryf word deur irrasionele mense, juis die twee is wat die bestaande skeppingsgeloofsorde van die monoteïstiese godsdienste in hul wese aantas, naamlik die evolusieteorie en die oerknalteorie."
- "Gelowiges gebruik aanhoudend die argument dat die wetenskap nie die bestaan of nie-bestaan van God kan bewys nie." en "Dit is egter wel die plig van gelowiges om vir ons in 'n rasionele wêreld hul bewyse voor te lê vir die bestaan van die gode waarin hulle glo en waarvoor hulle aanhoudend beskerming vra teen kritiese vrae."

- “Die bygelowige beheptheid van die mens om dit wat ons nie kan verklaar nie aan God toe te skryf, is die irrasionele, maklike, onkritiese en nie-ondersoekende weg...”
- “Maar die nuwe manier om verby die aaklige werklikheid van evolusie te kom (aaklig vanuit die oogpunt van die skeppingsverhaal van die Bybel), is om die vae idee van ‘n Intelligente Ontwerper voor te stel. Hierdie Intelligente Ontwerper het dan kwansuis evolusie ingespan vir die skepping om te ontwikkel.”
- “Jerry Coyne verklaar hierdie nuwe verskynsel so: “Die werklike oorlog is tussen rasionaliteit en bygeloof. Wetenskap is maar een vorm van rasionaliteit, terwyl godsdiens die algemeenste vorm van bygeloof is.””
- “Oor die wetenskap – en evolusie as geldige en deeglike bewese wetenskapsveld – se nie-soeke na die vingerafdrukke van ’n skepper-god, gee die Nobelpryswenner Steve Weinberg ’n interessante perspektief: “It’s a consequence of the experience of science. As you learn more and more about the universe, you find you can understand more and more without any reference to supernatural intervention, so you lose interest in that possibility. Most scientists I know don’t care enough about religion even to call themselves atheists. And that, I think, is one of the great things about science – that it has made it possible for people not to be religious.””
- “Kom ek draai Christus se woorde teenoor die Fariseërs om wat die skare se lofuitinge probeer stilmaak het: “As hulle stilbly, sal die klippe uitroep.” Die klippe van evolusie en fisika se bevindings roep lankal uit en dis tyd dat leiers in die kerk en moskee nie langer hul lidmate hieroor mislei nie. Die uitroepe van die wetenskap en evolusie se bevindings word daagliks in die klippe gelees.”

Reaksie van teoloë

’n Verdere teleurstelling was die teoloë se reaksie op Claassen se aanbieding:

Dr Hennie Mouton sê onder andere die volgende in: “Ateïs hoofspreker by openingsdag van UP teologie” (2010/02/08) - http://www.kerkbode.co.za/InternetBrieweLees.asp?type=2&ID=641&Start=0&Offset=15&number=12) : "Ek kan nie van jou verskil nie", het prof. Cornél du Toit gesê, alhoewel hy darem later gereken het Claassen laat hom te veel uit op die terrein van die teologie, waarvan hy te min weet.”

In die artikel “Reaksie op dr George Claassen” - http://teo.co.za/artikel/articles/285/1/Reaksie-op-dr-George-Claassen/Bladsy1.html, probeer prof Danie Veldsman vir Claassen antwoord. Sy hoofargument is dat daar geen wetenskaplik rede is om die mens van evolusie uit te sluit nie en dat dit onwetenskaplik is om God verkeerd te probeer wys. Dit is die argument dat geloof en die wetenskap verskillende dinge is. Dit is egter duidelik dat hy pens en pootjies ingekoop het in evolusie en ook wat hy van skeppingsleerders dink. Hy beskuldig skeppingsleerders daarvan “om oor onderwerpe te praat waarvan hulle weinig moeite gedoen het om iets van te verstaan”. Ek wonder hoeveel het hy self al opgelees oor hierdie onderwerp en of hy weet watter bewyse werklik voorgehou word vir evolusie. Dit lyk ook of hy IO (intelligente ontwerp) oor dieselfde kam skeer as skeppingsleerders. Ek wonder ook of hy weet dat mense wat IO voorstaan besef dat die wetenskap nie alles kan verklaar nie. In die IO-groep kry jy mense van elke geloof, self agnostisiste. En hulle besef dat evolusie 'n leuen is.

Versoek dat Harwood ook UPTF toespreek

Dr Mark Harwood van CMI-Australië besoek Suid-Afrika DV vanaf Woensdag 14 April tot Sondag 25 April 2010 (kyk http://creation.com/calendar?country=za vir sy toerprogram). Na aanleiding van die feit dat dr George Claassen die UP teologiese fakulteit toegespreek het en die feit dat die NGK in ‘n “seisoen van luister” is, is daar blykbaar ’n vriendelike versoek gerig aan prof Julian Müller dat dr Harwood ook die UP Teologiese Fakulteit toespreek om die anderkant van die kwessie te lig. Prof Müller het dit blykbaar om verskeie redes van die hand gewys.

Dit is egter ironies dat prof Müller bereid is om dr Claassen ’n spreekbeurt te gee, maar nie vir dr Harwood nie, en dit in ’n “seisoen van luister”: Soos reeds genoem is dr Claassen ’n uitgesproke ateïs en vyand van God. Verder is hy nie ’n wetenskaplike nie, maar ’n joernalis. Harwood is ’n mede-broer

in Christus, wat lief is vir die Here en Sy Woord en ook ’n wetenskaplike met baie jare praktiese ondervinding in die ontwerp, vervaardiging en lansering van kommunikasie-satelliete (kyk http://creation.com/dr-mark-harwood en http://creation.com/what-goes-up).

Dit is verder baie ironies dat skeppingsleerders daarvan beskuldig word dat hulle nie wetenskaplikes is nie, terwyl evolusioniste wel is. In hierdie geval was UPTF egter bereid om na ’n joernalis te luister oor “wetenskap” terwyl hulle nie ’n wetenskaplike hieroor wou aanhoor nie.

Dit is ook baie jammer dat prof. Müller (en prof. Veldsman) evolusie onkrities aanvaar. Baie mense word hierdeur mislei omdat hulle nie die verskil verstaan tussen operasionele wetenskap en historiese wetenskap nie (vir meer hieroor, kyk “It’s not science” - http://creation.com/its-not-science.)

Is die skepping-evolusie kwessie belangrik?

In die aangehegte artikel “Wat maak predikante met die wetenskap?” - http://kerkbode.co.za/GedrukteBrieweLees.asp?id=632&front=1, skryf Danie van der Lith op 2010/02/05 dat hy sy geloof verloor het agv die wetenskap [evolusie]: “*Dit was nie die dood van my vrou of my 15-jarige seun wat my geloof vernietig het nie. God en godsdiens het in my lewe opgehou bestaan, behalwe as ’n kulturele verskynsel wat my bly interesseer, jare voor die motorongeluk, en dit was die wetenskap wat dit gedoen het.*”

Dr Mark Harwood se geloof is self ook beïnvloed deur evolusie (kyk http://creation.com/dr-mark-harwood): “*During his university years, Mark was something of a “closet Christian” because he could not understand the basis of his faith. He assumed that God must have created through the processes of evolution (theistic evolution) but that idea provided no meaningful basis for Christ’s sacrificial death on the cross. Then he was confronted on the historical truth of Genesis and realised that the early chapters of Genesis were actually true and fundamental to the Christian faith. His subsequent journey of investigation convinced him of the theological and scientific basis of the Genesis account of creation.*”

Vir meer inligting aangaande hierdie onderwerp, gaan na www.creation.com